

19 Oktober - SONDAAR

Skrifgedeelte: Matteus 9:9-17

Fokusgedeelte: Matteus 9:13

Jesus Christus het na die aarde toe gekom om sondaars te red. Matteus, die tollenaar, was een van die slegte mense in die Joodse gemeenskap.

Die tollenaars was Jode wat vir die gehate onderdrukkers – die Romeine – gewerk het om belasting in te samel. Oor die algemeen was hulle baie ryk gewees, omdat hulle meer belasting gevra het as wat die wet van hulle vereis het. Saam met die Romeinse soldate het hulle die betaling van hierdie belasting op die burgers van die land afgedwing. Daarom is die tollenaars as 'n korrupte spul staatsamptenare gesien. Matteus was 'n sondaar!

Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes was van oordeel dat daar nie met die sondaars gemeng moes word nie, want dit sou hulle onrein maak het. Baie keer bou ons mure om ons – om ons huise, om ons kerke, om ons vriendekring. Ons bou mure om ons sodat ons mense soos Matteus uit kan hou. Ons sien neer op ander, soos wat die Fariseërs en Skrifgeleerdes neergesien het op Matteus, ander tollenaars en sondaars. Ons meng nie met die mense vir wie Jesus Christus gekom het om te red nie.

As Jesus Christus op dieselfde manier opgetree het as wat ons somtyds optree, sou Hy nooit vir Matteus geroep het nie. Jesus Christus het na die aarde toe gekom vir sondaars. As hulle, deur God se genade, sy roepstem hoor, word daar van hulle verwag om in dankbaarheid te reageer.

Geen sondaar is buite bereik van God se genade nie. Matteus was nie. Nóg minder was die ander tollenaars en sondaars wat hy in sy huis ingenooi het. Nóg minder was die Fariseërs en die Skrifgeleerdes wat gereed gestaan het om Hom te veroordeel en af te skryf. Nóg minder is jy en ek of enige van ons geliefdes.

Jesus het gekom vir die sondaars. Hy roep ons om Hom te volg. Hy het gekom om ons te red.

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2

Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)